# 24 Junie 2023 - Lesing 57 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Liefdeswerk vir oorledenes – 7/2/58

**NO: 7036** Om te dink aan alle siele wat hulleself in geestelike nood bevind, is liefdeswerk met 'n baie groot uitwerking. Want deur **liefdevolle denke** vloei krag hierdie siele toe, wat hulle as weldadig ervaar en wat ook hul wil kan verander.

Die nood van die siele in die hiernamaals is besonder groot, omdat liefdevolle gedagtes hulle maar selde volg as hulle die aarde verlaat het. Maar slegs hierdie liefdevolle gedagtes het nog 'n uitwerking oor die graf heen. Dit is in ’n sekere sin weldade wat julle op die aarde aan jul gestorwenes kan laat toekom. **En liefdevolle gedagtes is ook die enigste middel om hulle te help in hul geestelike nood.** En elke mens wat in sy gebed oor hul bekommerd is, wat deur die liefde daartoe aangespoor word om hulp af te smeek vir hierdie siele, beoefen **onbaatsugtige naasteliefde** wat waarlik haar uitwerking sal hê.

Dit is vir die siele 'n uitermate kwellende toestand, wanneer hulle heeltemal in vergetelheid raak by julle mense op aarde. Wanneer niemand liefdevol aan hulle dink en hulle daarom geen krag toegevoer word nie, wat 'n liefdevolle voorspraak vir hulle beteken. En vir hierdie siele kan dit eindeloos lank duur totdat hulle hulself uit hul diepe onverskilligheid verhef het, totdat hulle 'n klein verbetering in hul toestand bespeur. En dit gebeur wanneer gebede tot alle onverloste siele opstyg, wanneer mense op aarde ook aan diegene sal dink wat niemand op aarde het om 'n goeie woordjie vir hulle te doen nie, wanneer 'n mens homself oor hul lot ontferm en hy hulle graag wil help om ook tot die lig te kom.

Omdat die mense nie oortuig is dat daar 'n voortlewe van die siel bestaan na die dood nie, is hulle ook nie baie bekommerd oor die lot van diegene wat voor hulle oorlede is nie. Hulle glo dat hulle bestaan beëindig is en hulle hou hulself in gedagtes ook maar selde besig met hulle, wat al 'n verligting vir die siele sou beteken.

Maar dikwels bring die siele hulself in herinnering, deurdat hulle skielik die mense se gedagtes binnedring. En dan sou julle mense ook ‘n langer tyd in gedagtes by hulle moet vertoef. Julle behoort hulle, wat hulself so by julle in herinnering bring, in **liefde te gedenk,** omdat dit 'n stille versoek om hulp is in hul nood. En julle kan hulle help, deurdat julle liefdevol aan hulle dink, deurdat julle opreg begeer dat dit met hulle goed mag gaan, dat hulle nie hoef te ly nie, en dat julle hulle in gebed by God aanbeveel, as julle glo.

Maar die beste hulp en die mees suksesvolle middel vir hul redding uit die duisternis, **is wanneer julle hulle steeds in gedagtes wys na JaHshua Messias**, Wie hul enigste redder is en aan wie hulle hulleself moet toevertrou om 'n uitweg te vind uit hul nood.

Wie dus self gelowig is, het waarlik ook die moontlikheid om die siele in die hiernamaals te help om geluksalig te word, wanneer sy wil om lief te hê hulle aangryp. Want ter wille van die liefde van die mens is JaHshua Messias barmhartig vir die siele aan wie hierdie liefde gegee word. En as julle mense nou vir God vra om Sy barmhartige hulp vir die siele, wat menslike voorspraak moet ontbeer, dan sal Hy om julle ontwil hulle **ook voortdurend krag laat toekom** en vir hulle elke moontlikheid ontsluit om ook die lig te bereik.

En julle gebed versag hul verharde harte. Hulle sal gewillig na julle toe kom en sal teenoor julle ook net van goeie wil wees.

Want die siele wat nog geheel onder sataniese invloed staan, weer alle toevoer van krag af, en hulle word ook verhinder om julle in liefdeloosheid teë te werk. **Maar julle weet nie hoe belangrik 'n innige gebed is vir die siele wat ly nie**.

Julle weet nie dat deur so 'n dergelike gebed julle hele skares kan losmaak uit hul verstarring, dat hulle sal begeer om te lewe en dat hulle dan ook weer beïnvloed kan word deur ligwesens wat vermom nader aan hulle kom en hulle hul hulp aanbied.

**Steeds moet die liefde die eerste kettings verbreek** en dan sal 'n toevoer van krag ook moontlik wees en die klim omhoog uit die duisternis na die lig sal vir die wesens verseker wees. Amein.

Jesaja 62

*10 Gaan in, gaan in deur die Poorte, berei die Weg van die volk! Vul op,* ***vul op die Grootpad****, gooi die klippe weg, steek 'n Banier op oor die volke!*

*11 Kyk, JaHWeH laat dit hoor tot by die Einde van die Aarde: Sê aan die* ***Dogter van Sion****: Kyk, Jou Lossing kom; kyk, Haar loon is by Hom en Haar beloning is voor Sy Aangesig.*

*12 En hulle sal genoem word:* ***Volk van die Apartheid****, die verlostes van JaHWeH; en Jy sal genoem word: die begeerde,* ***die Stad wat nie verlaat is nie****.*